

28 Januarie 2014

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-18
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:17 (1933/53- en 1983-vertaling)

In neerdrukkende omstandighede bly ons hoopvol en vertroos

'n Paar dae gelede het ons nog feesgevier, maar vandag word ons, soos gister, met die harde werklikheid van die lewe gebombardeer, waar korrupsie, moord en diefstal ons saam met die skepping laat sug.

In Paulus se tyd was dinge nie soveel anders nie. Tog leer God ons – deur Paulus – in hoofstuk 4 twee goed wat vir ons vandag hoop en vertroosting bied. In vers 1 begin Paulus met die woorde: “*Ons word nie moedeloos nie.*” Die rede waarom ons nie moedeloos word nie, is omdat ons besef dat ons maar swak en breekbaar is – soos kleipotte – maar dat God Hom oor ons ontferm, ons geroep en bekwaam gemaak het (2 Kor. 3:6), om in sy diens te staan. Hy gee ook vir ons die vertroosting in 1 Korintiërs 10:13 dat wat ook al oor ons paaie kom, Hy ons daarvoor die krag sal gee om dit te kan oorkom.

Dan hoor ons weer die woorde: “*Ons word nie moedeloos nie*” in vers 16, maar hierdie keer word die fokus nog verder van die mens en sy wêreldse dinge geskuif. In die eerste 15 verse was ons vertroos oor hoe God ons (die kleipotte) in hierdie lewe behoed en bewaar, maar vanaf 4:16 – 5:10 word ons vertroos deur dit wat ook vir ons in die vooruitsig is. Vers 18 stel dit so mooi as daar staan dat “*ons oog nie op die sigbare dinge gerig is nie, maar op die onsigbare*”.

Selfs al kry ons in hierdie lewe 'n paar skrapies op die uiterlike van die kleipotte by, word die skat wat ons het steeds deur God veilig bewaar. Hierdie skat kan niemand van ons af wegneem nie, leer ons so duidelik in Romeine 8:37-39. Hierdie skat (sien 4:6b) beteken volgens Hebreërs 11:1 dat ons deur die geloof seker is van die dinge wat ons hoop en oortuig is van die dinge wat ons (nog) nie sien nie.

Laat ons daarom die geringe swaarkry in hierdie lewe verduur, met die wete dat God ons daardeur dra, en dat dit uitloop *op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.*

Sing: Skrifberyming 1-3:3, 7 (Sb 24)

Ds RP (Roelof) Buys (Delmas)